

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 10 Jul 2019
Page: 7

AVE: 12630.63
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Tuks kook by SA Universiteite

**Wilhelm de Swardt**

Dit het 'n paar jaar geduur, maar uiteindelik het 'n Tuks-fietsryer die gesogte geel trui gedurende die Suid-Afrikaanse Universiteite-kampioenskap gedra.

Die jaer Alex Worsdale het verlede week in Stellenbosch Tuks se "wendroogte op wiele" verbreek. Maklik was dit nie.

In die laaste skof, 'n kriterium-ren, het Worsdale so hard neergeploeg dat sy fiets gebreek het. Gelukkig het die reëls daarvoor voorsiening gemaak dat hy kon bly voortjaag.

Die valslag het Tuks se manspan wel duur te staan gekom, want Andries Nigrini, 'n spanmaat, het gestop om seker te maak dat Worsdale ongedeerd is.

Hy kon nie weer die peloton inhaal nie. Dit het beteken dat hy van algeheel tweede na derde teruggesak het.

Tuks het ook sy voorsprong in die spankompetisie verloor.

Worsdale het op die ou einde Maties se Jean-Pierre Lloyd in die individuele kompetisie met 3 min. en 33.70 sek. geklop.

In die spankompetisie het Maties vir Tuks met



**Natania Bester het op die Universiteite-kampioenskap uitgeblink en drie medaljes vir skerm gewen.**

minder as vyf sekondes geklop.

Tuks se vrouespan was derde in die spankompetisie.

■ Tuks se vrouehokkiespan het vir 'n derde keer die titel op die Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooi verower toe hulle die Pukke in Stellenbosch in die eindstryd met 3-2 verslaan het.

Inky Zondi, afrigter, het agterna dié span se kaptein, Megan Anderson, groot lof toegeswaai. Volgens hom sal sy onthou word as een van die "grotes" van Tuks-hokkie.

"Van die heel eerste minuut op die veld het Megan deur voorbeeld gelei. Sy het daardie vermoë om enige span se verdedigers te flous om sodoende doelkanse te skep," het Zondi gesê.

Die manspan het derde geëindig. Sigz Ntuli, afrigter, is tevrede met dié uitslag.

"Geen span neem deel om derde te eindig nie, maar vir nou is daar versagtende omstandighede. Agt van ons spelers is eerstejaars. Dit was so hittete of ons het tot die eindronde deurgedring. In die halfeindstryd teen Wits het ons oorheers. Die statistieke getuig daarvan. Ongelukkig kon ons nie afrond nie. Dit het daartoe gelei dat die wedstryd met strafhoue beslis is."

Wits het die toernooi gewen.

■ Natania Bester het op die Universiteite-kampioenskap uitgeblink en drie medaljes in skerm gewen. Sy het goud in die epee-kompetisie gewen en bronsmedaljes in die sabel- en floret-kompetisie.

Bester neem gewoonlik net in die epee-kompetisie deel. Vroeër vanjaar het sy Suid-Afrika op die Wêreldbyeenkoms verteenwoordig.





**Bo: Megan Anderson, Tuks se vrouehokkie-spankaptein, was een van die uitblinkers by verlede week se USSA-toernooi. Tuks se vrouespan het gewen en die mans was derde.**

Foto's: REG CALDECOTT

**Links: Alex Worsdale het verlede week in die Suid-Afrikaanse Universiteite-kampioenskap in Stellenbosch hard met moederaarde kennis gemaak, maar steeds algeheel eerste geëindig.**




This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.